

## Graan SA Oggend Markkommentaar

| GRAIN SA<br>OGGEND SA  | DATUM      | DATUM      |       | + - WEEK GELEDE |   | + - MAAND GELEDE |        | + - JAAR GELEDE |        |  |
|--|------------|------------|-------|-----------------|---|------------------|--------|-----------------|--------|--|
|  | 2017/02/24 | 2017/02/23 |       | 2017/02/13      |   | 2017/01/23       |        | 2016/02/22      |        |  |
|  | Data       | Δ          | Δ%    | Data            | Δ%  | Data             | Δ%     | Data            | Δ%     |  |
| DJIA-index   | 20810      | 34.72 ↑    | 0.2%  | 20776 ↑         | 2.7%  | 20269 ↑          | 5.0%   | 19827 ↑         | 25.2%  |  |
| Goud (Spot)  | 1250.13    | 12.92 ↑    | 1.0%  | 1237.21 ↑       | 1.7%  | 1229.35 ↑        | 2.7%   | 1216.70 ↑       | 2.4%   |  |
| Brent \$/vat   | 56.55      | 0.24 ↑     | 0.4%  | 56.31 ↓         | -0.1%   | 56.62 ↓          | 1.8%   | 55.57 ↑         | 65.9%  |  |
| 1 € / US\$   | 1.0581     | 0.003 ↑    | 0.3%  | 1.0547 ↓        | -0.4%   | 1.0622 ↓         | -1.5%  | 1.0744 ↓        | -4.1%  |  |
| 1 US\$ / ZAR   | 12.87      | -0.100 ↓   | -0.8% | 12.97 ↓         | -3.8%   | 13.38 ↓          | -4.7%  | 13.50 ↓         | -15.5% |  |
| Corn   | R 1,849.33 | -35 ↓      | -1.8% | R 1,884.12      | *CBOT Corn Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mar Sept 12:00 the previous day    |                  |        |                 |        |  |
| Wheat  | R 2,071.26 | -88 ↓      | -4.1% | R 2,158.84      | * CBOT Wheat Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mar 12:00 the previous day |                  |        |                 |        |  |
| Soybeans   | R 4,780.93 | -75 ↓      | -1.6% | R 4,856.21      | * CBOT Soy Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mar 12:00 the previous day     |                  |        |                 |        |  |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)   |            |            |       |                 |   |                  |        |                 |        |  |
| Corn Mrt 17  | 365.00     | -4.00 ↓    | -1.1% | 369.00 ↓        | -2%   | 374.00 ↓         | -1%    | 369.50 ↓        | -8%    |  |
| Wheat Mrt 17   | 438.00     | -15.00 ↓   | -3.3% | 453.00 ↓        | -2%   | 449.00 ↓         | 1%     | 433.25 ↓        | -14%   |  |
| Soybeans Mrt 17  | 1011.00    | -8.00 ↓    | -0.8% | 1019.00 ↓       | -5%   | 1059.00 ↓        | -4%    | 1057.75 ↓       | 13%    |  |
| Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)   |            |            |       |                 |   |                  |        |                 |        |  |
| SORGHUM Jul '17  | 3168.00    | 0.00 ↑     | 0.0%  | 3168.00 ↑       | 0.0%  | 3168.00 ↓        | -1.6%  | 3220.00 ↓       | -13.2% |  |
| WMAZ Spot  | 2986.00    | -100.00 ↓  | -3.2% | 3086.00 ↑       | 2.4%  | 2917.00 ↓        | -14.3% | 3483.00 ↓       | -39.8% |  |
| WMAZ May 17  | 2044.00    | -100.00 ↓  | -4.7% | 2144.00 ↓       | -28.7%  | 2866.00 ↓        | -38.3% | 3314.00 ↓       | -56.9% |  |
| WMAZ Jul 17  | 1951.00    | -45.00 ↓   | -2.3% | 1996.00 ↓       | -7.8%   | 2116.00 ↓        | -14.6% | 2284.00 ↓       | -39.8% |  |
| YMAZ Spot  | 2895.00    | -100.00 ↓  | -3.3% | 2995.00 ↑       | 0.3%  | 2886.00 ↓        | -11.0% | 3254.00 ↓       | -19.0% |  |
| YMAZ May 17  | 2098.00    | -57.00 ↓   | -2.6% | 2155.00 ↓       | -26.3%  | 2845.00 ↓        | -33.1% | 3134.00 ↓       | -38.1% |  |
| YMAZ Jul 17  | 2046.00    | -46.00 ↓   | -2.2% | 2092.00 ↓       | -6.6%   | 2191.00 ↓        | -11.7% | 2317.00 ↓       | -29.4% |  |
| SOY Spot   | 5794.00    | -136.00 ↓  | -2.3% | 5930.00 ↓       | -10.9%  | 6500.00 ↓        | -11.6% | 6555.00 ↓       | -16.5% |  |
| SOY May 17   | 5364.00    | -99.00 ↓   | -1.8% | 5463.00 ↓       | -7.3%   | 5786.00 ↓        | -10.7% | 6010.00 ↓       | -10.6% |  |
| SUN Spot   | 4772.00    | -150.00 ↓  | -3.0% | 4922.00 ↓       | -7.7%   | 5170.00 ↓        | -11.7% | 5402.00 ↓       | -37.9% |  |
| SUN May 17   | 4864.00    | -136.00 ↓  | -2.7% | 5000.00 ↓       | -8.2%   | 5300.00 ↓        | -12.0% | 5525.00 ↓       | -36.0% |  |
| WHEAT Spot   | 3936.00    | -38.00 ↓   | -1.0% | 3974.00 ↓       | -1.6%   | 4000.00 ↑        | 0.8%   | 3906.00 ↓       | -16.0% |  |
| WHEAT May 17   | 4032.00    | -28.00 ↓   | -0.7% | 4060.00 ↓       | -1.5%   | 4094.00 ↓        | -0.7%  | 4062.00 ↓       | -15.4% |  |
| <b>NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE</b>  |            |            |       |                 |   |                  |        |                 |        |  |
| <p><b>Markoorsig:</b> Die rand het goeie ondersteuning gevind en verhandel vanoggend teen R12.87/\$ nadat dit gister-middag versterk het tot onder R12.80/\$. Die versterking van die rand is hoofsaaklik as gevolg van die begrotingsrede wat positief ontvang is asook 'n verswakking van die Amerikaanse dollar. Die begroting was in lyn met die tekorte, skuldvlakke en ook besteding wat verlede jaar in die mediumtermyn begroting aangekondig was deur die Minister van Finansies. Die ekonomiese groeikoers vir die jaar sal belangrik wees en fyn doggeword word. Die Nasionale Tesourie se vooruitsigte vir ekonomiese groei, is dat dit 1.3% behoort te haal in 2017, 2% in 2018 en 2.2% in 2019. Dit is effens hoër as wat deur sommige ander analiste verwag word, soos dié van die ekonomie van die Reserwe Bank. Die groeikoers wat deur lede van die Tesourie aangekondig word, kan dalk effens optimisties wees, maar daar is verskeie faktore wat kan bydra tot beter ekonomiese groei dié jaar. Die verwagte hoër landbou produksie uitset, versterkende kommoditeitspryse, sowel as die rand wat versterk, kan bydra tot positiewe ekonomiese groeikoerse.</p> <p><b>Mielies:</b> Die VSA mieliepryse het gister laer gesluit ten spyte van die sterker verhandeling wat gesien was vroeg in die verhandeling. Die Maart kontrakpryse het teen 'n nuwe twee-weekse laagtepunt gesluit en het die 200 dag bewegende gemiddelde prysvlak sterk getoets. Die USDA het die geskatte mielie aanplantings vir 2017 onveranderd gehou vanaf die vorige skatting wat in November 2016 gedoen is teen 90 miljoen akker. Hierdie syfer was alreeds in die mark bekend en was verwag deur die handelaars. Die 90 miljoen akker wat geskat word vir die jaar, is ongeveer 4 miljoen akker minder as die aanplantings van die vorige seisoen. Die vraag in die VSA is effens beter, alhoewel dit naby aan die gemiddelde vraag is. Die etanol produksie syfers toon dat die produksie van verlede week met 6 000 vate per dag gedaal het, maar die uitset is steeds sterk en die aanbod effens hoër. Die uitvoerbesigheid vanuit die VSA is steeds relatief goed, maar voorrade vanuit Argentinië wat in die mark kom behoort kompetisie te plaas op die VSA uitvoerbesigheid. Die Argentynse regering het die produkieskatting aansienlik hoër geplaas as die vorige USDA skatting, terwyl die graanhandelaars hul skatting net effens hoër as dié van die USDA het. Die wekelijkse uitvoerverkeperverlag sal vandag in die VSA bekend gemaak word as gevolg van die vakansiedag Maandag. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike mieliepryse het gister meestal skerp afwaarts verhandel en meeste van die wit- en geelmelie kontrakte het laer afgesluit. Die ou seisoen kontrakte het skerp afwaarts gesluit, terwyl die nuwe seisoen kontrakte effens ondersteuning gevind het nader aan die einde van die sessie, met die pryse wat goeie winskoopvlakke bereik het. Die Julie '17 witmelie kontrak het twee agtereenvolgende dae onder die R2 000/ton vlak gesluit.</p> <p><b>Sojabone:</b> Die VSA sojaboonpryse het gister sterk afwaarts verhandel met die groot Suid Amerikaanse produksies wat in die mark kom en die verwagte groot aanplantings wat die komende seisoen verwag word. Die Maart termyn kontrakte het deur die 200 dag bewegende gemiddelde pryse gedaal en het onder die Februarie laagtepunt gedraai na die dubbelsyfer verliese wat vroeg in die sessie gesien was. Die mark het effens ondersteuning gevind nader aan die einde van die verhandelingsdag. Die USDA het hul geskatte aanplantings vir die komende seisoen opwaarts aangepas vanaf die vorige skattings wat in November 2016 gedoen was. Die geskatte aanplantings vir die seisoen deur die USDA word op 8 miljoen akker geskat wat ongeveer 2.5 miljoen akker meer is as die vorige skatting. Indien die syfer bereik word sal dit rekord sojaboonaanplantings in die VSA wees. Die maandelikse verwerkings van sojabone in die VSA is steeds sterk, maar die uitvoervraag is besig om seisoenaal te daal. Die groot voorrade in Suid Amerika en veral Brasilië wat in die mark kom plaas ook druk op die VSA se uitvoerverkope. Die verwagting is dat die totale ou- en nuwe seisoen verkope laer behoort te wees die week as verlede week. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonpryse het gister meestal swakker verhandel en die mark het laer gesluit vir alle kontrakte wat tans gelys is. Die versterking van die rand het bygedra tot die afname in die plaaslike oliesaadpryse. Die Safex prys het onder die afgeleide prys gedaal vir die eerste keer in 'n baie lang ruk. Die persmarge vir sojabone begin ook weer effens beter te lyk.</p> <p><b>Koring:</b> Die VSA koringpryse het gister gemeng verhandel. Die lentekoring se basis het effens versterk met die vraag na lentekoring wat steeds goed is. Die harde rooi winter koring het ook effens versterk nader aan die einde van die verhandeling. Die USDA het die alle koring aanplantings op 46 miljoen akker gerapporteer, dit is laer as die vorige skatting wat 50.1 miljoen akker was. Die verlaging in die koring aanplantings kom grootliks na die groot daling in die winterkoring aanplantings en die kleinste oppervlakte sedert 1909 bereik het. Die harde rooi winter koringpryse kan moontlik begin ondersteuning vind as gevolg van bekommernisse rakende die weer. Die nuutste groeimodelle toon dat die meeste van die land se winterkoring se groeifases aansienlik beter is as die gemiddeld vir hierdie tyd van die jaar. Dit is hoofsaaklik as gevolg van warmer weer gedurende Februarie. Dit hou 'n risiko in vir die plante, veral as daar koue in April is en die plante te vinnig ryp word. Reën in die sentrale pleine word ook verwag om beperk te wees vir die komende week en selfs dalk nog langer as dit. Die verwagtinge vir die uitvoere is dat dit effens laer as verlede week behoort te wees met die vraag na koring internasionaal wat steeds middelmatig is. Sonder sterk uitvoeraankope is dit onwaarskynlik dat daar vooruitsigte is vir prysversterkings na 2018 toe. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike koringpryse het gister weer effens laer gesluit vir meeste van die kontrakmaande, maar verhandel steeds tussen die vlakke wat die afgeleide ruk gesien was, tussen R 3900/ton en R4 100/ton.</p> |            |            |       |                 |   |                  |        |                 |        |  |
| <p><b>Plaaslike Markinsigte &amp; Data:</b> <a href="http://www.grainsa.co.za">www.grainsa.co.za</a> / <a href="http://www.saqis.co.za">www.saqis.co.za</a><br/> <b>Internasionale Markinsigte &amp; Data:</b> <a href="http://www.usda.co.za">www.usda.co.za</a><br/> <b>Opgestel deur:</b> Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: <a href="mailto:Luan@grainsa.co.za">Luan@grainsa.co.za</a></p>  |            |            |       |                 |   |                  |        |                 |        |  |